# Sondag, 3 November 2019

**Skriflesing:** Markus 1:2-8

**Tema:** Maak reguit die pad

## Skriflesing

**Markus 1:2-8**

**Die optrede van Johannes die Doper**

2 In die boek van die profeet Jesaja staan daar geskrywe:
“Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit.
Hy sal die pad vir jou regmaak.
3 Iemand roep in die woestyn:
Maak die pad vir die Here gereed,
maak die paaie vir Hom reguit.”
4 Só het Johannes die Doper in die woestyn opgetree. Hy het verkondig: Bekeer julle en laat julle
doop en God sal julle sondes vergewe. 5 Die hele landstreek van Judea en al die inwoners van
Jerusalem het na hom toe gestroom. Hulle het hulle sondes bely en is deur hom in die
Jordaanrivier gedoop.
6 Johannes het klere van kameelhaar gedra met 'n leerband om sy heupe, en hy het van
sprinkane en veldheuning gelewe. 7 Hy het gepreek en gesê: “Die Een wat ná my kom, is my
meerdere. Ek is nie eers werd om te buk en sy skoene los te maak nie. 8 Ek het julle wel met
water gedoop, maar Hy sal julle met die Heilige Gees doop.”

## Preek

**Geliefde in ons Here Jesus Christus –**

***Beeld***

Ek wil graag vandag vra, dat julle hier moet wegstap met hierdie beeld in julle gedagtes:

- Jy is op ‘n pad, besig om te loop. Jy hou nooit op met beweeg nie. Dit is soos tyd; dit staan nie stil nie.
- Daardie kant toe gaan na die lewe en hierdie kant toe gaan na die dood.

Hou vas aan daardie beeld!

***Die skrywer – Markus***

Die skrywer van hierdie evangelie, met die naam Markus, was Markus, of anders gesê – Johannes Markus, 'n medewerker van Petrus, die dissipel (volgens 1 Petrus 5:13) en het ook van Paulus (volgens Kolossense 4:10).
Markus het al Petrus se vertellinge van Jesus geneem en dit saam gesit in hierdie evangelie wat ons vandag ken.

***Agtergrond***

*Die antieke aankondiging*

Markus begin praat van Johannes die doper. Hy skryf hierdie evangelie aan Christene in Rome. Dus is daar waarskynlik 'n hele klomp Christene wat eintlik Romeine is en nooit Jode was nie. In die Romeinse wêreld het jy iemand wat belangrik is, laat aankondig deur iemand anders. Die Romeine het dus geen waarde gehad aan 'n vertelling wat begin by die geboorte van 'n babatjie nie, maar om van Jesus te hoor deur die aankondiging van iemand ander, in hierdie geval deur Johannes die Doper, het hulle aandag gehou.

*Jesaja se woorde*

Vir die Jode, wat hoorders was van hierdie evangelie, het Markus verwys na die groot profeet van die Ou Testament – Jesaja wat die Messias toe al voorspel het –

*Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit.*
*Hy sal die pad vir jou regmaak.*
*Iemand roep in die woestyn:*
*Maak die pad vir die Here gereed,*
*maak die paaie vir Hom reguit."*

As mens mooi na hierdie uittreksels uit die Ou Testament kyk, dan vind jy dat daar eintlik 'n paar sinne bymekaar gevoeg is uit twee verskillende teksgedeeltes uit die boeke – Jesaja 40:3 en Maleagi 3:1.
Dit verwys na dieselfde saak – die Messias wat jou kom!
Die Jode hoor dan dat die oomblik vir die koms van die Messias het aangebreek en die weg word nou voorberei.

*Die antieke doop*

Ons moet ook weet dat in hierdie tyd is mense baie gedoop. Die doel van die doop, voor Jesus deur Johannes gedoop is, was om heidene, wat graag wou deel word van die Joodse tradisies en godsdiens, te doop as simbool dat hulle hulle heidens-heid afwas en opkom as deel van die volk Israel, die ware en enigste God se volk.
Wat besonders is, is dat as Johannes begin doop dan doop hy Jode en heidene, nadat hulle na hom geluister het.
Hoekom doop hy Jode ook?
Want die Jode wou die Messias sien kom en Johannes, volgens Jesaja, was die boodskapper wat voor die Messias, die pad regmaak.

***Boodskap***
En hier is ons boodskap, vandag –
Johannes die Doper verkondig:
Bekeer julle
Laat julle doop
God vergewe julle sondes

*Bekeer julle*
Die Griekse woord – Metanoia – wat hier vertaal word met 'bekeer'– beteken om 'om te draai' of met mening 'weg te draai in 'n ander rigting in deur anders te begin dink en handeling'.
Johannes sê vir die Jode – kom bekeer julle. Kom sê dat julle weet julle is sondig en dat julle van nou af gaan begin dink en doen soos wat God van julle verwag, want die Messias is aan die kom!

Broers en susters, ons is 'n stuk grond vol onkruid. Ek en jy moet aanvaar dat ons sonde het en dat ons hierdie onkruid uit ons lewens moet weg werk. Ons moet bekeer. Met ander woorde, ons moet wegdraai, in 'n ander rigting beweeg, elke dag, al hoe verder weg van ons sondige natuur en al hoe nader aan heiligheid, soos in die voorbeeld van Jesus Christus. Dus, al hoe minder selfsug en al hoe meer liefde gewend.

*Laat julle doop*
Dan roep Johannes almal nader en hy sê vir hulle – laat julle doop. Wat hierdie doop in water eintlik verteenwoordig is 'n doel bewuste draai. Onder die Jode kom daar 'n doelbewuste weg draai van hulle sonde na die Wil en Woord van God. Ons moet verstaan dat die Jode het hulle by

Johannes kom bekeer en dan die doop gebruik as ‘n simbool wat wys dat hulle draai in ‘n ander rigting. Hulle gaan in die water in, draai, en kom nuut onder die water uit.

In Jesus, sê God, maak Hy dit vir ons moontlik om weg te kom van sonde, wat ons vernietig. Ons word nuut en ons word deel van werklik lewe!

Ons moet die werkwoord hoor. Jy moet draai. Dis ‘n 180 grade draai. Jy moet die grond bewerk. Jy moet die simbool gebruik. Jy gaan sondig die water in, maar jy draai en kom skoon, nuut uit die water uit. Jy draai. Jy kies en jy bewerk die grond en dan pluk jy die vrugte daarvan met die hulp van Jesus. Jy oorhandig jou sonde aan Hom. En daardie oorhandiging – Jesus, ek hoef nie my sonde, waaroor ek in die verlede gestraf sou word, meer rond te dra nie – U vat dit by my: Dit noem ons genade. En daardie afvat van ons sondes, deur Jesus, is bedoel vir almal – of jy dit verstaan of nie.

Daarom, ouers, moet ons ons kinders vertel wat die doop beteken. Dit beteken – draai! My kind, jou sonde word deur Jesus oorgeneem, maar jy moet draai. Jy moet elke dag besluit om jou sondigheid neer te sit by Jesus en doelbewus te draai na God toe. Jy moet jou sonde stop sit. Jy moet jou gedrag bekeer.

*God vergewe jou sondes*
Dan, sê Johannes, dan sal God julle sondes vergewe en julle sal vry wees en werklik lewe. Johannes sê vir die mense – ek doop net met water. Julle besef julle moet bekeer. Julle kom en draai en gebruik die doop as simbool van julle 180 grade verandering van rigting, weg van sonde af, reguit na God se Wil toe. Maar dis net water.
Jesus bring die doop van die Heilige Gees. Jesus bring vir ons God wat met ons is. Sondes wat vergewe is deur God, beteken dat God is met jou en Sy krag is ook vir jou om van te gebruik.

***Slot***
Ek en jy loop op hierdie pad. Daardie kant toe is die ewige lewe en daardie kant toe is die dood. Johannes het die pad kom regmaak vir Jesus en ons kom voorberei. Ons moet weer ander mense voorberei. As ouers, moet ons ons kinders voorberei en vir hulle help om in die regte rigting te beweeg.

Die pad het aanvanklik net een rigting geloop, na die dood, maar Jesus het ons kom vat en ons gewys dat ons kan omdraai. Ons kan ‘n 180 grade draai en na die lewe toe beweeg, elke dag. Soms, raak ons die pad byster. Ons steekvas en ons dink om in die ander rigting te loop. Maar God se Heilige Gees help ons om koers te hou en te sien dat ons  rigting moet verander na die lewe toe.

Hierdie doop, vanmore was ‘n net weer vir ons ‘n beeld Jesus ons help omdraai het, van die dood na die lewe. Daardie hulp is genade en genade self vir ‘n babatjie wat dit nog nie kan verstaan nie. En daarom is die opdrag dat julle, as ouers julle kinders moet leer wat die betekenis van die doop is. Ek en jy neem ons kinders en die medegelowiges aan die hand en ons lei mekaar na die lewe, weg van die dood af. En as ons struikel help Jesus ons, deur Sy woord, Sy voorbeeld en Sy liefde om koers te hou in die regte rigting.

Maak jy pad reguit en loop na die lewe toe, maar maak ook die pad reg vir ander rondom jou, soos jou kinders, sodat ons na die lewe bly gaan, agter Jesus, ons Here aan, tot in ewigheid in.

**Amen**